He 6 4:12-13,
Ps 119: [illegible]

FABEL, FEIT OF VERLOSSINGSBOODSKAP

'n Gesprek oor die betroubaarheid van die Skrif

(Lêer: Bybel)

1. Christene lees die Bybel met 'n *geloofsapriori*, dit is: vanuit die geloof dat die Bybel die betroubare en gesagvolle Woord van God, of as u wil: die onfeilbare Woord van God is. Dit kom tot uitdrukking in art 5 van die NGB, waarin daar van die kanonieke boeke van die Bybel gesê word: "Ons aanvaar al hierdie boeke, (die kanonieke boeke van die Bybel) en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grond en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie soseer omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie, maar besonderlik omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is." In ons Skrifgeloof speel die kerk dus wel 'n rol: dit vestig ons aandag op die Bybel en gee aan ons die versekering dat hierdie boeke van God is. Die kerk leer ons om die Bybel met hierdie *geloofsapriori* te lees, maar daarby bly dit nie. Ons eie omgang met die Skrif *bevestig dit*, deurdat Gods Woord ons aanspreek en die instrument is waardeur die Heilige Gees die geloof in ons werk. Dan gaan dit met ons soos met die mense van Samaria wat aan die Samaritaanse vrou volgens Jh 4:42 gesê het: "Ons glo nie meer op grond van wat jy vertel het nie, want ons het self na Hom geluister, en ons weet dat Hy waarlik die Verlosser van die wêreld is." Dit noem ons die *outopistie* van die Skrif, die inherente geloofwaardigheid daarvan. Die basiese veronderstelling waarmee ons die Bybel lees, die geloofsapriori, is daarop gebaseer.

2. Die volgende besluite wat by die jongste Kaapse Sinode geneem is, bevestig dat die kerk dit so sien, nl: *Die sinode wil geen twyfel daaroor laat dat die gesag van die Bybel as die Woord van God ten volle deur ons aanvaar word nie.* Daaraan is toegevoeg: *Die Sinode beklemtoon dat die Skrif op geen manier geïnterpreteer moet word wat aan die gesag van die Skrif afbreuk doen nie.* Dié twee uitsprake gee uitdrukking aan die geloofsapriori waarmee die kerk die Skrif gelowig lees. As die kerk dit nie meer kan sê nie, het die Bybel vir die kerk geen goddelike gesag meer nie, maar kan dit hoogstens nog as 'n stuk religieuse literatuur verstaan word wat op dieselfde vlak lê as die godsdienstige boeke van ander godsdienste.

3. Teologie is na sy wese die wetenskap wat die Bybel bestudeer vanuit hierdie geloofsapriori. Wie dit nie doen nie, kan die Bybel hoogstens nog as 'n interessante of belangrike historiese religieuse dokument beskou, maar nie meer as die Woord van God nie. So-iemand is dan besig met 'n literêre studie of hoogstens godsdienswetenskap, maar nie meer met teologie nie. *Die kerk kan gerus wees dat die Kweekskool in alle erns bedoel om die Bybel vanuit die genoemde geloofsapriori te bestudeer.* Dit is ten minste die sin van die ondertekening van die belydenisskrifte van die kerk, waarin ook die genoemde art 5 van die NGB voorkom, deur al die dosente van die Kweekskool.

4. Ook wanneer die Bybel met hierdie geloofsapriori gelees word, bly dit natuurlik duidelik dat die Bybel om *interpretasie* roep. Die Bybel is eintlik 'n bundel van 66 boeke wat onderling baie verskil en waarin daar baie verskillende literatuursoorte saamgebring is. Daar is historiese gedeeltes, daar is poëtiese en profetiese gedeeltes, en daar is onderrigtende gedeeltes wat ons help om die Bybel as geheel op 'n sekere manier te interpreteer. Om die Bybel te kan verstaan, het die kerk dit nog altyd nodig gevind om te vra: *Maar waarom gaan dit eintlik in die Bybel as sodanig? Wat is die eenheidsboodskap van die geheel?* Die kerk lees die Bybel altyd as 'n eenheid wat 'n *sentrale boodskap* en 'n *hart* het. En dan het die kerk die veelheid van wat die Bybel sê, saamgevat gesien in daardie sentrale boodskap en dit geformuleer, soos bv in die *Twaalf Artikels*, of in die drie *Formuliere van Eenheid*. 'n Mens sou ook kon sê dat die hele inhoud van die Bybel in Jh 3:16 saamgevat word.

5. Wat ons as die sentrale inhoud van die Bybel sien, is baie nou verbonde met wat ons as die *doel* of *skopus* van die Skrif sien. Waarom gaan dit in die Bybel? Wat wil die Bybel met ons bereik? Volgens 2 Tm 3:16 is die doel van die Skrif *om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome toegerus sal wees vir elke goeie werk.* Kort saamgevat is die inhoud van die Bybel wet en evangelie (of evangelie en wet). Dit kom daarop neer dat die Bybel ons leer wie God is in sy majesteit, heiligheid en liefde; dat Hy nie die dood van die sondaar begeer nie, maar dat hy moet lewe; dat Hy as die Seun al sonde op Homself geneem en dit versoen het, en dat Hy as die Heilige Gees ons lewe wil

verander tot gemeenskap met Hom in 'n lewe van dankbare gehoorsaamheid op aarde en die ewige vreugde in die hemel.

6. Die Bybel het 'n historiese basis vir sover dit aan ons die groot heilsdade van God in die geskiedenis van sy volk Israel en sy Seun Jesus Christus bekend maak. Tog is wat in die Bybel aan ons gebied word, nie bedoel as eksakte geskiedskrywing in die moderne sin van die woord nie, maar as verkondiging van Gods heil. Dit dra die spore van die kulturele en wêreldbeskoulike opvattings van pre-moderne mense. Dit is geskrywe deur mense wat nog nie die moderne wetenskaplike ontwikkelinge meegemaak het waarin ons vandag mag deel nie. Die Bybel bedoel ook nie om 'n handboek vir wetenskap of geskiedenis te wees nie. Dis die geïnspireerde geloofsgetuienis van mense wat met God gewandel het. Daarom is die Bybel nie bedoel om as handboek vir die wetenskap of die geskiedenis te dien nie, maar om ons oë te open vir die werklike teenwoordigheid van God in ons wêreld vandag, en vir die verlossing wat Hy in Christus ook vir ons bewerk het, sowel as die eise van sy wet wat ook vir ons geld, ondanks die feit dat ons die werklikheid vandag totaal anders ervaar as die voor-moderne mens.

7. Maar wat meer is: deur ons literêre studie weet ons vandag dat die voor-moderne mens nie ons metodes van geskiedskrywing geken het nie, dat hulle dikwels die geskiedenis interpreterend geskryf het (Gods hand daarin geteken het), en dat hulle binne die konteks van hulle wêreldbeeld van Gods groot dade getuig het. Ons aanvaar dat nie alles wat in die Bybel vertel word, noodwendig as historiese waarheid bedoel hoef te wees nie. Ons aanvaar dat die inspirasie van die Heilige Gees nie so geïnterpreteer moet word, dat dit die mens met sy kulturele en wêreldbeskoulike opvattings uitgeskakel het nie. Ons reken daarmee dat mondelinge tradisie in die proses van die totstandkoming van die Bybel 'n groot rol kon gespeel het. Die proses van die totstandkoming van die Bybel was seker baie meer ingewikkeld as wat 'n mens oppervlakkig dink. En tog aanvaar ons dat wat uiteindelik aan ons as die Heilige Skrif gegee is, die Woord van God is wat ons na die beste van ons vermoë moet probeer verstaan.

8. Dat daar in ons omgang met die Skrif verskille tussen ons kan ontstaan oor detail-vrae (soos die historisiteit van Jona en sy ervarings), mag nie daarop uitloop dat ons die uitsig op die ware doel van die Bybel verloor, nl om Gods heil

in Christus aan ons te verkondig, soos dit in die hele Ou Testament met die ingebed is nie. Ons heil hang nie aan Jona nie, maar aan God self, die Vader van onse Here Jesus Christus wat Hom uit die dood opgewek het. Selfs wie daarvan oortuig is dat Jona bedoel is om 'n historiese verhaal te wees (vgl 2 Kon 14:25), sal ruimte daarvoor kan laat dat elemente van die verhaal nie bedoel is om eksakte geskiedskrywing te wees nie. Ons moet nie diegene wat anders daaroor oordeel, *maar tog daaraan vashou dat die boek Jona Gods onberekenbare ontferming en geduld met sondaars op 'n onvergelyklike wyse verkondig*, sonder meer as ketters beskou nie. Oor die interpretasie van Bybelse verhale is diskussie en verskille moontlik, maar waaroor daar geen verskille binne die kerk moontlik is nie, is of die Skrif aanvaar word as die onfeilbare en outentieke Woord van God wat ons in die volle heilswaarheid van God onderrig, sodat die mens van God volkome kan wees. Dit is vir ons onaanvaarbaar as mense in die kerk met die Bybel as 'n gewoon-menslike boek omgaan en die inspirasie daarvan as die Woord van God misken. Netso is onaanvaarbaar as mense die menslike en kulturele faktor by die onstaan van die Bybel misken, omdat ons die verlossingsboodskap nie anders as in so 'n menslike vorm besit nie.